

VROUEBEDIENINGSAKE SONDAG 25 OKTOBER 2020

Uit die Bestuursvergadering gehou op 21 Oktober.

1. DANKBAARHEIDSBUSSIES

Sondag 1 November maak ons weer Dankbaarheidsbusies oop – Ons het die vorige 2 kwartale nie botteltjiegeld ingehandig nie, hierdie is die laaste geleentheid vir die jaar. Sit asb u geld in 'n banksakkie en plaas dit in die houer in die voorportaal. Baie dankie vir elke dankbare hart!

2. KOEKIEPROJEK

Ons gee jaarliks 'n pakkie koekies aan bejaardes in ons gemeente en Ons Woning. Ons vra weer u goedgeunstige samewerking hierdie jaar om droë koekies te skenk vir hierdie projek. Alle koekies moet asb voor 17 November by die Kerkkantoor ingehandig word.

3. GEBREIDE POPPIES

Indien daar dames is wat die afgelope jaar/tyd poppies gebrei het, sal ons dit waardeer indien u die poppies voltooid by die Kerkkantoor sal inhandig voor of op 17 November. As daar genoeg poppies beskikbaar is, beplan ons om die poppies saam met die koekies aan bejaardes te skenk. Daar is nog 'n paar weke tyd om vinnig 'n paar poppies te brei!

4. VROUEBEDIENINGSAFSLUITING

Weens die inperkingsmaatreëls sal daar nie hierdie jaar 'n afsluitingsfunksie gehou word nie.

5. KERSSANGDIENS

Die Kerssangdiens sal hierdie jaar DV tydens die oggenddiens plaasvind. Dit gaan 'n eenvoudige sangdiens wees – geen koorsang of Kersspel nie.

6. VERVERSINGS NA DIE EREDIENS

Verversings sal weer vanaf 31 Januarie 2021 na afloop van die Erediens verskaf word; verdere reëlins volg later.

NG KERK PETRUSBURG



Deur God se genade 'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds. Jaco Thom ☎ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ☎ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ☎ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ☎ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za 📍 NG Kerk Petrusburg
Kerkkantoor ure: Maandae: 11:00 – 13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00

25 Oktober 2020 : Hervormingsfees

Elke jaar op die laaste Sondag van Oktober vier ons Hervormingsfees. Daarmee herdenk ons die Hervorming, wat sy beslag gekry het toe Martin Luther op 31 Oktober 1517 sy 95 stellings op die kerk deur in Wittenberg vasgespyker het. Daarmee het hy die kerk genooi om met hom in gesprek te tree oor die sake in die Katolieke Kerk waarvoor hy ongelukkig was. Die pous het hom daarvoor uit die kerk geban. Só het 'n nuwe kerk tot stand gekom.

Hartlik welkom in die huis van die Here

'n Besondere welkom aan almal van die Gereformeerde Kerk wat vanoggend saam met ons aanbid. Mag ons saamwees ook vir julle tot seën wees!

09:30 – Erediens

Ds. Jaco Thom

Skriflesing: Heb 1:1-3a

Tema: God praat met ons deur die Bybel

Wat 'n ongelooflike voorreg het ons om 'n Bybel in die hand te mag neem! Om persoonlik een te mag besit, om dit te kan lees in die taal wat ons die heel beste kan verstaan, ons eie moedertaal!

Deuroffers vandag:

Ons Woning

Deuroffers volgende Sondag:

Teologiese Opleiding

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees!

Oktober

28 Selome Cronje (94)
29 Arno Calitz

Huwelikshedenking

28 Jaco & Marelize Van Straten (14j)

Nuwe lidmate

Ons verwelkom graag vir Alida en Pieter Swanepoel as lidmate in ons gemeente.
Mag julle baie gelukkig wees by ons. Hulle sal deel vorm van Wyk 6,
met Dirk Terblanche as ouderling en Anna-Marie Terblanche as Diaken.

Tiende Maand Insameling

Die Augustusmaand-insameling is verskuif na Oktober. Hierdie geld word nie binne die gemeente spandeer nie, maar gaan vir Ons Woning, Ons Kinderhuis, Bybelverspreiding en plaaslike sendingwerk.

Ons program

Dinsdag 27 Oktober om 18:00: Kerkradsvergadering (verkiezing)

Voorbidding

Ons innige simpatie aan Gert en Cecile Labuschagne met die afsterwe van
Ria Labuschagne

Die diens is Dinsdag 27 Oktober om 10:00 die oggend by die Kerk.
en

aan Tikkie Nieuwoudt met die afsterwe van haar broer **Rudi Baumgarten**.

Mag die Here julle vertrous en die pyn ligter maak, mag die mooi herinneringe
aanvaarding bring en altyd met julle bly.

Bid vir die mense in die Hertzogville-omgewing wat deur die verwoestende
veldbrand geraak is.

Carpe diem

Met die Munisipaliteit wat nie Maandae gereeld die vullis kom verwyder nie lyk
ons strate maar woës. Carpe diem het dit goed gedink om Dinsdae oggende vullis te
verwyder indien dit nie Maandae deur die Munisipaliteit gedoen is nie.

Die persone wat Dinsdae oggende dalk hulle werkers kan afstaan om te kan help
daarmee kan asseblief vir Jan van Loggerenberg skakel by 083 483 0775.

Die werkers sal vergoed word daarvoor.

Baie dankie

Borge vir die Kalender van 2021

Dit raak nou tyd vir ons kerkalmanak om gefinaliseer te word. Ons vra weer borge
asseblief; dit is weer R135 om 'n maand te borg. Indien u belangstel om 'n maand te borg,
stuur asseblief 'n epos met die volgende inligting na die kerkkantoor:

- Die maand wat u wil borg,
- Besigheidslogo/ 'n mooi foto en of boodskap wat vir u baie beteken,
 - Bewys van betaling asb.

Die vorige jaar was al die maande in die eerste week geborg, moet dus nie te lank wag
nie. **Laat weet asseblief voor of op 26 Oktober.**

Epos-adres: ngkpetrusburg@gmail.com

Bankbesonderhede:

NG Kerk Petrusburg

Absa

Rek: 2610580001

Verwysing: Voorletters +Van en Kalender

DIE BYNES HOU BASAAR!!

Ons benodig dringend asseblief nog skenkings in die vorm

- Koeke & gebak
- Lekkrgoed
- Poedings
- Pannekoekdeeg
- Items vir ons wit olifant tafel
- Kontant bydraes

Los asb 'n boodskap of kontak vir Lizane of Carina de Lange
as jy 'n bydrae wi maak!!

